

*Suid-Afrika Benodig Onse Liewe Vrou*

# ROSEKRANS KRUISTOG HANDLEIDING

## INHOUD:

*Fotos van vorige Rosekrans Saamtrekke*

*Hoekom die Rosekrans?*

*Bywoningsvorm*

*Saamtrek Verslag*

*Nuttige Wenke en Inligting*

*Advertensie Voorbeeld*

*Rosekrans Intensies*

*Vorbereiding Kontrolelys*

*Vorm vir Inskrywing van nog 'n Saamtrek Kaptein*

*10 Redes vir OPENBARE Plein Rosekrans*

*Instruksies vir Vasmaak van Baniere op Pale*

*Oorsprong van die Openbare Plein Rosekrans*

*Gebedsprogram*



**Openbare  
Rosekrans Kruistog**

Beste Saamtrek Kaptein

Baie geluk met u aanstelling as Saamtrek Kaptein in die Openbare Plein Rosekrans Kruistog!

U is deel van 'n Rosekrans Kruistog wat vir honderde dorpies en stede dwarsdeur Suid-Afrika geskeduleer is.

Die intensie vir ons Rosekrans Kruistog is om God en Onse Liewe Vrou te smee om Suid-Afrika van die hedendaagse onsedelikheid en sekularisme te red.

Neem aseblief kennis daarvan dat hier by *South Africa Needs Our Lady*, ons daartoe verbind is om die beste moontlike hulp vir u saamtrek voorbereidings te verskaf. Ons toegewyde span sal u elke stap van die pad behulpsaam wees. Hulle is maar net 'n telefoonoproep weg. Die hulplyn nommer is 087 230 9884 / 087 151 4833.

Om u Saamtrek meer suksesvol te maak, bied ons bykomende Saamtrek hulpbronne op ons webwerf aan. Dit sluit die volledige weergawe van ons handleidings, baniere, plakkate, intensie velle, gebedsprogram en nog baie meer in.


Besoek ons by **[www.SouthAfricaNeedsOurLady.co.za](http://www.SouthAfricaNeedsOurLady.co.za)** en klik op die “Rosary Crusade” bladsy vir die aflaai en druk van bykomende voorrade, in geval u nog ekstras nodig het.

Sodat ander mense by u kruistog kan aansluit, of dié naaste aan hulle, sal ons probeer om 'n volledige lys saamtrekke op die Rosekrans Saamtrek landkaart op die webwerf te wys. As u graag wil hê dat ander mense met u in aanraking kom om by u saamtrek aan te sluit, gee ons dan asseblief die magtiging om u naam en kontakbesonderhede op ons webblad te sit.

Alternatiewelik, as u graag mense by u saamtrek wil laat aansluit, maar nie wil hê dat u besonderhede op ons webwerf verskyn nie, is ons span bereid om mense na u saamtrek te beduie as hulle telefonies navraag doen.

Ons hoop hierdie handleiding sal u van alles voorsien wat u nodig sal kry. Maar, as u hulp nodig het, bel ons asseblief op 087 230 9884 of stuur 'n epos aan **[rosarycrusade@saneedsourlady.co.za](mailto:rosarycrusade@saneedsourlady.co.za)**.

Baie Dankie en God Seën u.



Bernard Tuffin  
*Direkteur*

## 10 Redes vir Openbare Plein Rosekrans

**1. Die Wonder van die Son was openbaar:** Op 13 Oktober 1917, het Onse Liewe Vrou 'n wonderwerk uitgevoer wat deur meer as 70 000 mense getuig is, insluitende ateïste, kommuniste en anti-Katolieke. Sommige van hulle het selfs tot bekering gekom. Die Openbare Plein Rosekrans Saamtrekke sal die persoon op die straat herinner dat bekering moontlik is.

**2. Bereik Katolieke wat wegeval het:** Volgens navorsing, woon slegs 'n klein persentasie Katolieke die Heilige Mis by. Die Openbare Plein Rosekrans is 'n goeie wyse om die nie-praktiserende Katolieke te bereik. Wanneer hulle u in 'n openbare plek sien bid, kan hulle geroer word om beter Katolieke te word.

**3. Openbare gebed kry resultate:** Pro-lewe Katolieke het al vir dekades vreedsaam die Rosekrans voor aborsie klinieke gebid. Die krag van hul gebede het die bevordering van aborsie vertraag. Hul openbare gebed red lewens. Trouens, baie van dié klinieke het gesluit.

**4. Wees 'n Fatima apostel:** Die Here het die apostels uitgestuur om alle nasies te onderrig. Deur die Rosekrans in die openbaar te bid is 'n uitstekende manier om ander mense aan die Katolieke geloof en die Fatima boodskap bekend te stel. *"En niemand steek 'n lamp op en maak dit met iets toe of sit dit onder 'n bed nie; maar hy sit dit op 'n staander, sodat dié wat inkom, die lig kan sien"* (Lukas 08:16).

**5. Openbare sondes vereis openbare herstel:** Ons kultuur paradeer sondes openlik. U hoor dit op openbare radio, op spitsyd televisie, op die Internet. Wette bevoordeel alle vorme van ondeugde en degradering en grense word voortdurend verder gestoot. U Rosekrans Saamtrek sal 'n openbare daad van herstel wees vir hierdie ondeugde wat teen die Onbevleete Hart van Maria en die Heilige Hart van Jesus gesmyt word. U Openbare Rosekrans sal God troos.

**6. Sal die media Fatima bevorder?** Nooit! Dit lê by ons om toewyding aan Onse Liewe Vrou "buite die koor" te bevorder. Om die Rosekrans in die openbare plein te bid is 'n kragtige manier om sy resitasie te bevorder. Katolieke moet nie skaam vir hul geloof wees nie. *"Almal wat My dus vóór die mense sal bely, Ek sal hom ook voor my Vader wat in die hemele is bely"* (Mattheus 10:32). Tydens die openbare Rosekrans saamtrekke wat reeds gehou is, het nie-Katolieke gestop en vir rosekranse gevra, gewillig om te leer hoe om te bid.

**7. Openbare Rosekranse in die geskiedenis:** Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog, het Kommunistiese Sowjet-troepe Wene, Oostenryk, beset. Hulle het geweier om weg te gaan. Tog, ná massiewe openbare Rosekrans optogte wat gelei is deur Vr. Petrus Pavlicek, het die Kommunistiese indringers opgepak en vertrek. Grootskaalse openbare Rosekranse het ook krediet gekry vir die verhinderende van Kommunistiese oornames in Brasilië in 1964. As die Rosekrans hierdie lande gered het, kan dit met 'n bietjie moeite, siele roer en Suid-Afrika red.

**8. Plig om God in die openbaar te eer:** Sekulariste poog al lank om godsdiens en moraliteit uit die openbare plein te dryf. Dit moet nie gebeur nie! Katolieke het die plig om die sekularistiese agenda teen te staan. Ons vereer God openlik en respekteer Sy regte. Die Openbare Plein Rosekrans Kruistog sal dié punt maak.

**9. Voorbereiding vir Onse Liewe Vrou se Triomf:** Die Onbevleete Hart van Maria sal oor die bese triomfeer. Dit is 'n groot voorreg om tussen dié te wees wat op haar triomf vertrou en haar in die openbare plein eer. Hierdie historiese veldtog sal God se oorwinning haas, seëninge op Suid-Afrika aftrek, en sekerlik elke Rosekrans Kaptein en elke saamtrek deelnemer versterk.

**10. Openbare gebed is kragtig:** In sy monumentale werk, *The Secret of the Rosary*, lui Sint Louis Marie de Montfort soos volg: *"Openbare gebed is baie sterker as private gebed om die woede van God te paai en Sy genade af te roep, en Heilige Moeder Kerk, gelei deur die Heilige Gees, het nog altyd openbare gebed bepleit in tye van openbare tragedie en lyding."*

# ROSEKRANS SAAMTREKKE IN SUID-ARIKA



# ‘n Krans vir Onse Liewe Vrou



Hierdie jaar sal 'n krans van rose, sowel as 'n banier waaarop al die name van Saamtrek Kapteins en Saamtrek Borge verskyn, aan Onse Liewe Vrou van Fatima, in Portugal, op die presiese plek waar sy verskyn het geplaas word. Ons versoek haar seën oor almal wat deelgeneem het aan hierdie Rosekrans Kruistog dwarsdeur Suid-Afrika.

Hierdie aardse gawe van rose is analoog aan die hemelse, geestelike roos wat almal aan Onse Liewe Vrou gegee het, terwyl hulle die Openbare Plein Rosekrans bid. Die geur van hierdie geskenke kom saam as 'n aangename geur en styg na die troon van God op! In ruil hiervoor kry ons land baie wonderlike genades. Mag Jesus en Maria u seën!

## Borg ‘n Saamtrek Kaptein

Die voorraad vir elke Saamtrek Kaptein kos *South Africa Needs Our Lady* meer as R250. Om die openbare plein Rosekrans Kruistog moontlik te maak en te laat uitbrei, benodig ons u hulp.

Vra asseblief u vriende om u Saamtrek voorraad te help borg met hierdie of enige ander bedrag. Dit is ook 'n manier waarop mense, wat voel dat hulle nie ook saamtrek kapteins kan wees nie, kan bydra, behalwe met gebed, tot die sukses van die Rosekrans Kruistog in Suid-Afrika.

Deur 'n Rosekrans Saamtrek Borg te word, sal u naam op 'n groot *South Africa Needs Our Lady* banier gedruk word, saam met al die name van die Rosekrans Saamtrek Kapteine, en na Fatima in Portugal geneem word. Dit sal aangebied word aan Onse Liewe Vrou van Fatima, saam met 'n pragtige krans van rose wat die petisies van ons Rosekrans Kruistog verteenwoordig en wat haar spesiale voorbedding vra.

Kontak ons op 087 230 9884 / 087 151 4833 om ‘n Rosekrans Saamtrek Borg te word of besoek ons webblad en klik op die “Rosary Rally Sponsor” blad.



**Bank besonderhede: Family Action SA**  
**FNB 6251 606 5209 code 250655**  
**Reference: (Naam & Van)RS18**

# Hoekom die Rosekrans?

In sy geskryfte skryf **St Louis Marie de Montfort** die volgende oor **Onse Liewe Vrou en die Rosekrans**:

*"Maria moet so verskriklik word soos 'n leër in slagorde teen die duiwel en sy volgelinge, veral in hierdie laaste tye. Want Satan, wat weet dat hy min tyd het - selfs minder as ooit - om siele te vernietig, intensifiseer sy pogings en sy aanvalle elke dag. Hy sal nie huiwer om wreedaardige vervolgings op te wek nie en verraderlike strikke vir Maria se getroue diensknegte en kinders te stel wat hy moeiliker vind as ander om te oorweldig."*

*"Heilige Thomas verseker ons dat, volgens die orde wat deur Sy Goddelike Wysheid ingestel is, God sy genade deur Maria gee. As ons dus na Hom wil gaan, en eenheid met Hom soek, moet ons dieselfde middele gebruik wat Hy gebruik het om uit die hemel af te kom om ons menslike natuur aan te neem en Sy genade aan ons te gee. Dié middel was 'n volledige afhanklikheid van Maria, Sy moeder, wat ware toewyding aan haar is."*

*"Dit sal vir my amper nie moontlik wees nie om in woorde te sê hoeveel Onse Liewe Vrou van die Heilige Rosekrans dink, en hoeveel méér sy dit bo alle ander toewydings verkies. Ook kan ek nie genoeg uitdrukking gee nie aan hoe grootliks sy diegene beloon wat daaraan werk om dié toewyding te verkondig, om dit te vestig en te versprei, en aan die ander kant, hoe vasberade sy diegene straf wat daarteen werk."*

*"As priesters en religieuse verplig is om oor die groot waarhede van ons heilige godsdiens te mediteer ten einde hul roeping waardig te kan lewe, dan berus dieselfde verpligting net soveel op die leke - omdat hulle elke dag geestelike gevare teëkom wat hulle hulle siele kan laat verloor. Daarom moet hulle hulself met die gereelde meditasie oor die lewe, deugde en lyding van Onse Liewe Here bewapen - wat so pragtig in die 15 geheimenisse van die Heilige Rosekrans vervat is."*

*"As jy die Rosekrans getrou tot die dood bid, verseker ek jou dat, ten spyte van die gewigtigheid van jou sondes, jy 'n nie-verduisterende kroon van heerlikheid sal ontvang. Selfs as jy op die rand van verdoemenis staan, selfs as jy een voet in die hel het, selfs as jy jou siel aan die duiwel verkoop het net soos towenaars wat swart magie beoefen, en selfs as jy 'n ketter is wat so hardnekkig soos 'n duiwel is, vroeër of later sal jy bekeer word en sal jou lewe verander en sal jy jou siel red, as - en merk goed wat ek sê - as jy die Heilige Rosekrans elke dag toegewyd bid met die doel om die waarheid te leer ken en om berou en kwytskelding vir jou sondes te bekom."*

*"As ons dan 'n gesonde toewyding aan Onse Liewe Vrou vestig, is dit nét om die toewyding aan Onse Liewe Here meer perfek te vestig, deur 'n gladde maar sekere manier te voorsien om Jesus Christus te bereik."*

*"In hierdie laaste tye moet Maria meer as ooit tevore in barmhartigheid, mag en genade voortsyn; in barmhartigheid, om die arme sondears en swerweling wat bekeer moet word terug te bring na die Katolieke Kerk en liefdevol te verwelkom; in mag, om die vyande van God te bestry wat dreigend in opstand sal kom om met belofte en dreigemente almal wat hulle teenstaan te verlei; ten slotte moet sy in genade voortsyn om die dapper soldate en lojale dienaars van Jesus Christus wat vir sy doel veg te inspireer en te ondersteun. "*

# NUTTIGE WENKE VIR 'N SUKSESVOLLE SAAMTREK

## UITNODIGINGS

Nooi so veel mense persoonlik uit as wat u kan, deur te bel of deur die uitnodigingsvoorbeeld te gebruik. Een nuttige wenk vir 'n goeie saamtrek is om die mense wat u nooi te vra om met 'n spesifieke taak te help. Dit kan die verwelkoming van deelnemers wees; uithandiging van programme; foto's neem; elke deelnemer vra om die bywoningsvorm te voltooi; 'n spesifieke dekade van die Rosekrans te lei, ens.

## WAAR OM TE STAAN

Onthou, dit is 'n OPENBARE PLEIN saamtrek. Die beste plekke vir jou saamtrek is dié met 'n **hoë sigbaarheid**. U wil hê die publiek moet sien dat julle die Rosekrans bid! Wanneer u twyfel oor 'n plek vir u byeenkoms, kontak u plaaslike owerhede en verduidelik die besonderhede van u saamtrek aan hulle. Hulle sal u vrae met betrekking tot enige wettige vereistes vir spesifieke plekke beantwoord.

As u van plan is om u saamtrek op private eiendom te hou, maak net seker om toestemming van die eenaar / bestuurder te verkry. Dit sluit winkelsentrums, parkeerterreine, ensovoorts in.

## TYE

**ALLE saamtrekke moet om 12 uur begin!** Dit is belangrik, want dit is naastenby die tyd dat die wonderwerk van die son te Fatima in 1917 plaasgevind het! Ons wil graag Onse Here en Onse Liewe Vrou binne hierdie tydraam vereer.

## HULPBRONNE

*Suid Afrika Benodig Onse Liewe Vrou* sal elke Saamtrek Kaptein met 'n **Banier** en 'n **Saamtrek Kaptein Handleiding** verskaf. **Bêre jou Banier op so 'n manier dat dit weer volgende keer gebruik kan word.** Ons beveel aan dat die banier opgerol word en in die buis gestoor word waarin dit gestuur was. Moet dit nie vou nie. Stoor dit in 'n koel, droë plek. Onthou, MOENIE gate in u banier maak om dit vas te heg nie. Die banier se materiaal is baie sterk, maar as u dit sny of gate daarin maak, sal dit baie maklik skeur en verniel.

## FOTO'S

NEEM daardie foto's! Die foto's van u saamtrek is van kardinale belang vir ons! Ons wil die genade van Onse Liewe Vrou se werk met almal deel! Dit is waarom ons u vra om u foto's aan ons te stuur by [RosaryCrusade@SANEEDSOurLady.co.za](mailto:RosaryCrusade@SANEEDSOurLady.co.za). Onthou, daar sal honderde saamtrekke op dieselfde dag plaasvind en ons sal probeer om soveel as moontlik van hulle op Facebook en ons webwerf te vertoon.

## TEN SLOTTE

Om 'n Rosekrans Saamtrek Kaptein te wees is 'n geweldige eer, maar ook 'n groot verantwoordelikheid. Deur in te skryf as 'n saamtrek kaptein, het u "Ja" gesê vir Onse Liewe Vrou! As gevolg hiervan reken Onse Liewe Vrou op u om te volhard met die hou van u saamtrek. As daar vir een of ander rede probleme of bekommernisse sou ontstaan, moet asseblief nie huiwer om ons enige tyd te kontak nie! Ons is hier om u te help en aan te moedig op enige manier wat ons kan.

# PUBLIEKE PLEIN ROSEKRANS BYWONINGS BLAD

*(Maak afskrifte soos benodig en stuur dit saam met u verslag terug)*

## SKRYF ASSEBLIEF DUIDELIK

Titel: \_\_\_\_\_ Voornaam: \_\_\_\_\_

Agternaam: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Kontak Nommer: \_\_\_\_\_

Epos: \_\_\_\_\_

Titel: \_\_\_\_\_ Voornaam: \_\_\_\_\_

Agternaam: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Kontak Nommer: \_\_\_\_\_

Epos: \_\_\_\_\_

Titel: \_\_\_\_\_ Voornaam: \_\_\_\_\_

Agternaam: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Kontak Nommer: \_\_\_\_\_

Epos: \_\_\_\_\_

Titel: \_\_\_\_\_ Voornaam: \_\_\_\_\_

Agternaam: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Kontak Nommer: \_\_\_\_\_

Epos: \_\_\_\_\_



# PUBLIEKE PLEIN ROSEKRANS BYWONINGS BLAD

*(Maak afskrifte soos benodig en stuur dit saam met u verslag terug)*

## SKRYF ASSEBLIEF DUIDELIK

Titel:\_\_\_\_\_ Voornaam:\_\_\_\_\_

Agternaam: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Kontak Nommer: \_\_\_\_\_

Epos: \_\_\_\_\_

Titel:\_\_\_\_\_ Voornaam:\_\_\_\_\_

Agternaam: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Kontak Nommer: \_\_\_\_\_

Epos: \_\_\_\_\_

Titel:\_\_\_\_\_ Voornaam:\_\_\_\_\_

Agternaam: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Kontak Nommer: \_\_\_\_\_

Epos: \_\_\_\_\_

Titel:\_\_\_\_\_ Voornaam:\_\_\_\_\_

Agternaam: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Kontak Nommer: \_\_\_\_\_

Epos: \_\_\_\_\_

## INTENSIES VAN DIE OPENBARE PLEIN ROSEKRANS KRUISTOG

- Deur die mees Heilige Rosekrans, vra ons Onse Here Jesus en Onse Liewe Vrou vir die bekering van Suid-Afrika.
- Dat ons nasionale leiers sal poog om God se Wil te doen, Sy Wette te eer en geseënd sal wees met die wysheid en kennis wat nodig is om Suid-Afrika se komplekse probleme op te los.
- Vir die dringende triomf van die Onbevleete Hart van Maria in Suid-Afrika en die wêreld soos sy in 1917 te Fatima belowe het.
- In vergoeding vir die ontelbare sondes wat daagliks teen die Heilige Hart van Jesus en die Onbevleete Hart van Maria gepleeg word.
- Vir die Katolieke Kerk. Mag Sy floreer en mag Sy 'n baken van lig wees vir dié wat in die duisternis dwaal.
- Vir *South Africa Needs Our Lady*. Mag Onse Liewe Vrou haar talle genades verleen vir groter toewyding en doeltreffendheid in haar aksies vir ons Heilige Geloof.
- Vir 'n einde aan die ellendige sondes wat ons nasie aantast: aborsie, pornografie, homoseksualiteit, dwelm misbruik, kriminaliteit en al die oortredings teen die Wet van God.
- Om alle heiligskennis, laster en bespottings van onse Heilige Geloof tot stilstand te bring.
- Vir elkeen van ons hier teenwoordig. Mag Onse Liewe Vrou ons die onderskeidingsvermoë en krag gee om die beproewinge wat ons in die gesig staar te weerstaan.
- Vir ons vyande. Mag Onse Liewe Vrou hulle harte raak en hulle bekeer.
- Vir almal wat in hierdie dorp ly. Mag Onse Liewe Vrou hulle troos, hulle help, en hulle heilig.
- Vir die sterwendes. Mag Onse Liewe Vrou haas om hulle in hulle laaste oomblike te troos en hulle die finale genades te gee wat nodig is vir die redding van hulle siele.
- Vir diegene wat volhard in deugde. Mag Onse Liewe Vrou hulle konstante vordering in heiligheid skenk. Mag hulle die nodige genade ontvang om elke dag deugde vóór euwels te kies.
- Vir sondaars. Mag Onse Liewe Vrou hulle van wanhoop bewaar en hulle op die goeie pad terugbring.
- Vir almal wat hulle om ons gebede aanbeveel het.
- Ander: \_\_\_\_\_

# KONTROLELYS:

Vorrade om saam te neem vir die Rosekrans Saamtrek

Saamtrek banier

Intensies blad

Saamtrek bywoningsblad

10 Redes vir OPENBARE Plein Rosekrans

Gebedsprogram

Notas: \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

Maak asseblief seker dat alle deelnemers 'n afskrif van die Gebedsprogram vir die Rosekrans Saamtrek het sodat hulle die gebede kan volg en antwoord.

Die Gebedsprogram kan gefotokopieer word.

-----

**HIER IS 'N VOORBEELD VAN 'N UITNODIGING VIR U PLAASLIKE KOERANT, BLOG, INTERNET GEMEENSKAPSBORD, OF KERK BULLETIN:**

**Kom bid asseblief saam met die Openbare Plein Rosekrans Kruistog.** Soos ons almal weet, het Suid-Afrika 'n groot behoefte aan openbare gebed, berou en bekering. Ons moet God smee om Suid-Afrika deur die Rosekrans van Sy Allerheiligste Moeder, te red.

**Kom asseblief saam met ons in gebed vir ons land op \_\_\_\_\_ om 12:00 namiddag. Die plaaslike Openbare Plein Rosekrans Saamtrek vind by (plek) plaas.**

**Kontak asseblief (naam) by (telefoonnommer) vir meer inligting.**

# Rosekrans Saamtrek Verslag

Kapteine, voltooi asseblief die inligting op hierdie bladsy. Maak ook soveel afskrifte as wat u nodig het en vra vir al die deelnemers om dit in te vul.

Laastens, pos asseblief hierdie vorms terug aan *South Africa Needs Our Lady* in in die ingeslote koevert.

Epos: [RosaryCrusade@SANeedsOurLady.co.za](mailto:RosaryCrusade@SANeedsOurLady.co.za)

or adres: Posbus 141, Ladismith, 6655 Weskaap.



U besonderhede:

Voornaam: \_\_\_\_\_ Agternaam: \_\_\_\_\_

Ek het reeds my Saamtrek fotos per epos gestuur.

Ek het my bywonings blaaie in die koevert ingesluit.

Stad en Provinsie waar my Saamtrek gehou is: \_\_\_\_\_

Aantal mense wat my saamtrek bygewoon het: \_\_\_\_\_

**Skryf my asseblief weer in as Saamtrek Kaptein vir Onse Liewe Vrou in Oktober volgende jaar.**

Vertel ons oor u Saamtrek:

---

---

---

---

My voorstelle aan SA Needs Our Lady oor hoe om my saamtrek in Oktober te verbeter:

---

---

---

---

Ander Kommentaar en Voorstelle:

---

---

---

---

**VERBEEL JOU WAT KAN GEBEUR AS AL DIE HUIDIGE  
SAAMTREK KAPTEINE ALMAL NET NOG ÉÉN SAAMTREK  
KAPTEIN WERF?**

Ons kan ons saamtrekke verdubbel! U kan iemand werf wat u saamtrek by-  
woon of 'n ander gesinslid of vriend. Het u geweet dat ons doel is om duisende  
saamtrekke dwarsdeur Suid Afrika te hê? Ons het u hulp nodig om hierdie  
doel te bereik. Ons bel, epos en stuur korrespondensie om meer saamtrek  
kapteine te werf, maar as u net nog één saamtrek kaptein kan aanteken, verbeel  
dán die getal saamtrekke wat ons vir Onse Liewe Moeder kan offer?

JA! EK WIL OOK 'N ROSEKRANS SAAMTREK KAPTEIN  
WORD! Ek verstaan dat *South Africa Needs Our Lady* my 'n  
GRATIS Banier en Handleiding sal stuur sodat ek goed voor-  
berei is vir my saamtrek.

JA! Sit ASSEMBLIEF my naam en kontak besonderhede op u  
webblad vir dié wat moontlik my wil kontak vir meer inligting  
oor die bywoning van my saamtrek.

NEE! Sit ASSEMBLIEF nie my naam en kontak besonderhede  
hierdie keer op u webblad nie.

Naam: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Dorp: \_\_\_\_\_

Foon: \_\_\_\_\_

Epos: \_\_\_\_\_

**Pos aan:**

South Africa Needs Our Lady, Posbus 141, Ladismith 6655

**Epos aan:** [RosaryCrusade@saneedsourlady.co.za](mailto:RosaryCrusade@saneedsourlady.co.za)

**Kry asseblief nog één persoon om hierdie vorm in te vul, sodat ons  
meer saamtrekke kan hê, meer mense bereik en ons gebed vermeerder!**

## Instruksies vir die vasmaak van baniere op Pale

Hier is 'n paar eenvoudige stappe oor hoe om u Openbare Plein Rosekrans Banier aan 'n paal vas te heg. 'n Banier wat stewig aan 'n paal vasgemaak is gee u saamtrek 'n professionele voorkoms, en dit is baie makliker om vas te hou.

Om dit te doen benodig u twee 1,5 meter lengtes PVC pyp, 40mm in deursnee, plus 2 meter industriële selfklevende Velcro. Kommersiële graad verseker dat die wind nie sal veroorsaak dat hulle van mekaar skei nie. Baie hardeware winkels sal die pyp op die regte lengte vir u sny, gewoonlik gratis. Hierdie voorrade kan gewoonlik by enige hardewarewinkel gevind word.

**Stap #1:** Maak die oppervlakte van die paal en vaandel skoon en laat hulle droog. (Fig. 1)

**Stap #2:** Meet en sny dan die Velcro op die korrekte lengtes (1 meter). Moenie die Velcro van mekaar skei nie tot stap 3 nie

**Stap #3:** Heg Velcro aan die banier en paal vas en verseker dat die Velcro aan die paal die teenoorgestelde tipe is van wat op die banier is. Sodra dit aangeheg is, druk die Velcro teen die oppervlak vas sodat dit beter sal bind. (Fig. 2 en 3)

**Stap #4:** Heg die banier aan die paal vas en dan is u reg om u saamtrek vir Onse Liewe Vrou te hou. (Fig. 4)

**Stap #5:** Vir die stoor of vervoer van die banier, verwyder dit van die paal deur die Velcro te skei en rol die banier dan met die boodskap aan die binnekant op so dat dit teen stof, ens, beskerm is wanneer dit nie in gebruik is nie. Sit dit dan terug in die posbuis wat voorsien is.



Fig 1



Fig 2




Fig 3



Fig 4

# HOU U BANIER VIR DIE VOLGENDE KEER!

# Oorsprong van die Openbare Rosekrans Kruistog

Die D'Orvilles-gesin van Rennes, Frankryk, het destyds 'n probleem voorgedra aan Saint Louis de Montfort. Mnr D'Orvilles het by Saint Louis de Montfort gekla dat sy huis aangrensend aan die stadsplein was, waar baie sonde en onsedelikheid plaasgevind het. Hy het gesê jongmense sou op eenaardige tye daar kom om te sondig en het soveel geraas gemaak dat dit dié in sy huishouding afgelei het gedurende die Rosekrans.

Hy het die heilige gevra: "Wat kan daaraan gedoen word?"

"Maak 'n nis in die gevel wat uitkyk oor die plein," antwoord Saint Louis de Montfort. "Sit 'n standbeeld van Onse Liewe Vrou daar, en bid die Rosekrans daar."

"In die openbare plein?" Het Mnr. D'Orvilles geantwoord.

"In die openbare plein. Onder Onse Liewe Vrou se beeld," het die heilige opdrag gegee.

Die volgende dag het Mnr. D'Orvilles, sy familie en al die dienaars die Rosekrans in die openbare plein gebid. Mev. D'Orvilles het die geheimenisse gelei terwyl hy met 'n sweep gestaan het om die jong bendes weg te hou. Terwyl hy wag gestaan het, het 'n lang tou waens deur die openbare plein gery, en baie van sy vriende het hom uitgenooi om saam met sy vrou na 'n partytjie te kom. Aanvanklik was hy in die versoeking om sy Rosekranskrale wat in sy hand was weg te steek, maar hy het homself oorwin en die Rosekrans hoog gehou sodat almal kon sien dat hy in gebed was.

'n Vreemde ding het gebeur. Binne 'n week vandat hulle die Rosekrans daaglik gebid het, het die openbare plein Rosekrans 'n aantrekking vir almal geword. "Mense het in menigtes gekom om te bid, asof hulle na 'n groot kerklike seremonie gekom het, en al die afwykings op die plein het opgehou."

Dieselfde ding wat in Rennes, Frankryk, gebeur het, gebeur vandag in Suid-Afrika. Die reaksie op die Openbare Plein Rosekrans Kruistog is oorweldigend. Op 13 Oktober sal duisende Rosekranse gebid word, want elke dorp in Suid-Afrika en die wêreld benodig bekering. Onse Liewe Vrou het in Fatima belowe dat dit God se wens is om toewyding aan die Onbevleete Hart van Maria te vestig as die oplossing vir hierdie wêreld se sondes en onreinheid.

Dankie dat u op God se roep gereageer het en 'n Saamtrek Kaptein geword het. Onse Liewe Vrou vra u om uself aan haar en die "goddelike oplossing" te wy.

Hierdie verhaal van die D'Orvilles-familie is een van die vele voorbeelde waar die krag van die Rosekrans 'n stad verander het. U kan dieselfde doen. Dit is so maklik om te doen. Neem net u Rosekrans, die banier wat ons u sal stuur, en dan staan en bid u in 'n openbare plek met familie en vriende. Dis dit!

Onse Liewe Vrou het gevra vir gebed, boetedoening en opoffering vir die bekering van sondaars. Die Rosekrans is die gebed. En die staan op 'n openbare plek is die boete.

Saam kan ons die geskiedenis herhaal, vir Suid-Afrika hierdie keer en help om

**"Die Triomf van die Onbevleete Hart!"** te versnel.

Dankie en mag God u seën!



*"Die Allerheiligste Maagd  
het in hierdie laaste tye waarin ons leef,  
'n nuwe doeltreffendheid  
aan die resitasie van die Rosekrans gegee,  
tot so 'n mate dat daar geen probleem is nie,  
maak nie saak hoe moeilik dit is nie,  
of dit tydelik of bowenal geestelik is,  
in die persoonlike lewe van elkeen  
van ons, van ons gesinne ...  
wat nie deur die Rosekrans ogelos kan word nie.  
Daar is geen probleem, ek sê vir jou,  
maak nie saak hoe moeilik dit is nie,  
wat ons nie deur die gebed  
van die Heilige Rosekrans kan oplos nie.*

**- Sister Lucia -**

## **Sou u 'n Maandelikse Saamtrek oorweeg?**

Baie van die Rosekrans Saamtrek Kapteine doen maandelikse Openbare Plein Saamtreke in hul dorpe en stede. Hoekom oorweeg u dit ook nie? Dan sal daar 'n **voortdurende gebedskruistog** aktief in ons land wees, wat baie genades sal laat neerdaal.

Ons sal dit waardeer as u ons in kennis sal stel as u van plan is om meer saamtreke gedurende die jaar te hou, asook terugvoer oor hierdie saamtreke. Dit sal help om ander aan te moedig om dieselfde te doen.

**Openbare Gebed kan 'n verskil aan Suid-Afrika maak!**